

N APOLOGIE

# BOERE KERSFEES

TIAAN JORDAAN

# Inhoudsopgawe

Inleiding ..... 4
In verdediging van Kersdag ..... 5
Hoe het ons op 25 Desember gekom as die dag wat ons Kersfees vier? ..... 5
Vervolging van die Christene en die dag van die 25ste ..... 7
Is dit sonde om Kersfees te vier? Staan ons onder 'n vloek? ..... 8
Die "vloek" oor die viering van Kersfees ..... 8
Is dit verkeerd om Kersfees te vier? ..... 9
Die vraag oor spesiale dae ..... 9
Is daar enige Bybelse fees wat die Kersvieringe vooruitskadu? ..... 10
Die tyd ..... 10
Inhoud ..... 11
Boodskap ..... 12
Hoe hou die Chanukah fees verband met die geboorte van Jesus? ..... 13
Is daar enige rede waarom dit nie op 25 Desember kon gebeur het nie? ..... 14
Waarom was die herders en skape in die veld in die winter? ..... 14
Gevolgtrekking ..... 15
In verdediging van die Kersboom ..... 17
Simboliese betekenis van bome in die Bybel ..... 17
Fundamentele verskille tussen Kersboom en die heilige bome van voor-Christelike Europese kulture ..... 17
Is die oorsprong van die Kersboom heidens? ..... 17
Gevolgtrekking ..... 19
Bylaag oor die Kersboom: Verbied Jeremia 10 die Kersboom? ..... 19
In verdediging van die Kersvader ..... 21
Die Historiese Nikolaas: Grondslag van Kersvader ..... 21
Die hedendaagse Kersvader is nie die ware Jakob nie! ..... 21
Verwysings ..... 23

# Inleiding

Kersfees is ’n heidense praktyk. ’n Heidense praktyk met heidense gebruike, soos die Kersboom en die oorgewig Kersvader. Christene het 25 Desember oorgeneem by die heidene en vier nou heidense dae onder die dekmantel van die verheerliking van Christus.

Aannames soos hierdie word nie betwyfel nie en word selfs algemeen aanvaar. Of word dit?

Hierdie klein nederige boekie wil ’n eerlike ondersoek instel na die dag van 25 Desember as Kersdag en die gebruike van die Christene gebruike van die Christene wat Kersfees vier. Wat is die waarheid en wat behoort ons as Christene te vier?

Was ons ouers en voorouers verkeerd om die vetgemaakte hanslam vir die feesmaal na die Kersdiens te slag met die vrolike klanke van Kersliedere onder die betowerende Kersboom? Was die lees, bid en samesang, die  familiefees van Kersfees net die Duiwel (Gildenhuys, 2019)? Was dit verkeerd?

Daar is twee dae wat tradisioneel as die dag van Christus se geboorte gesien word. Die eerste is 6 Januarie wat in die Oosterse kerke en meestal Arminiaanse kerke onderhou word en 25 Desember vir die Westerse kerke (McGowan, Biblical Archeology, 2024). Die skrywer is van opinie dat die datum waarop ons Here Jesus Christus gebore is, nie heilswaarde inhou nie. Dit maak nie ’n verskil aan jou saligheid of jy in Oktober, 25 Desember, 6 Januarie of geensins Kersdag vier nie.

Tog wil ons ons Here reg dien. Ons wil nie iets doen wat onwaar is of bloot omdat tradisie dit vra nie. Daarom is dit goed om seker te wees oor Kersdag, die datum, die oorsprong, die wese en doel.

# In verdediging van Kersdag

Daar word algemeen aanvaar dat 25 Desember as feesdag deur die Christene van die heidense feesdag, *Sol Invicta* oorgeneem is, 'n dag gewy aan die son. Ander gode het lank voor die geboorte van ons Here Jesus Christus 25ste Desember as hulle geboortedag gevier, waarvan sommiges ook uit 'n maagd gebore was (Unknown, 2022).

... Of was hulle?

Is dit regtig die waarheid? Is die bewerings onaanvegbaar en is daar betroubare bronne wat hierdie bewerings staaf? Om hierdie vrae te beantwoord is dit nodig om na Bybelse en buite-Bybelse bronne te kyk en wanneer bronne van mekaar verskil, te vra watter die mees gesaghebbende bronne is. Om by die waarheid uit te kom is dit soms nodig om te weeg en wat te lig bevind word, as feitelik verkeerd te verwerp (Elga, 2007).

Ons gaan ondersoek instel oor Kersfees vieringe aan die hand van die volgende vrae:
Hoe het ons op 25 Desember gekom as die dag wat ons Kersfees vier?
Is dit sonde om Kersfees te vier?
Staan ons onder 'n vloek?
Is daar enige Bybelse fees wat die Kers vieringe vooruit skadu?
Is daar enige rede waarom dit nie op die 25ste Desember kon gebeur het nie?

## Hoe het ons op 25 Desember gekom as die dag wat ons Kersfees vier?

Wat leer die bronne? Het ons enige bewyse wat as apologie kan dien vir die viering van die geboorte van Jesus Christus op 25 Desember?

Hierdie skrywe poog om te dien as 'n apologie vir 25 Desember. Om dit platvloers te stel: Ek glo daar is meriete om 25 Desember as die geboortedag van ons Here Jesus Christus te beskou. Die vroeë Christendom, die kerkvaders en 25 Desember

In die bronne wat beskikbaar is vanuit die eerste paar jaar van die jong Christendom en die eerste kerke vind ons min of geen verwysing na Kersfees vieringe nie. In die geskrifte van die vroeë kerkvaders, soos Irenaeus (±130-200 n.C.) en Tertullianus (±160-225n.C.) vind ons byna geen verwysing na die geboortedatum van onse Here Jesus Christus nie. Origenes van Alexandrië (±165-264 n.C.) het selfs so ver gegaan om die spot te dryf met die Romeinse gebruik van geboortedagvierings en dit as tipiese heidense praktyke af te maak. Dít gee vir 'n mens 'n aanduiding dat die geboorte viering van Jesus tot en met die tweede eeu glad nie aandag geniet het nie (Tonder, 2022) (Weguelin, 2019). Alhoewel dit onbetwisbaar beskou kan word dat die vroeë kerk nie baie aandag gegee het aan die viering van die geboortedag van ons Here Jesus Christus nie, is daar tog stemme wat nie saamstem met die aanname dat die kerkvaders geswyg het oor die geboorte van onse Here Jesus Christus nie.

Leung (Leung, 2023) is so ’n persoon. Leung gee drie redes hoekom hy glo dat ons Here Jesus Christus se geboortedag op 25 Desember kon wees:

1.) Die kerkvader Irenaeus (130 -240 n.C.) het geskryf dat ons Here Jesus Christus gebore was op 25 Desember. [1]
2.) Die historikus Sextus Julius Africanus (160-240 n.C.) het in 221 n.C. geskryf dat die datum van konsepsie die 25ste Maart was. Hierdie voorgestelde datum van konsepsie het die noodwendige gevolg dat 25 Desember as ’n waarskynlike datum van geboorte kan dien (Leung, 2023). [2]
3.) Die kerkvader Hippolytus (170-236 n.C.) het geskryf dat ons Here Jesus Christusop 25 Desember gebore is.[3]

Alhoewel die skrywer nie een van die drie aannames as onaanvegbaar beskou nie, is dit duidelik dat Leung ’n saak het in sy verweer dat daar wel genoegsame bewyse is dat die Desember-Januarie vieringe van ons Here Jesus se geboorte nie heidense oorsprong het nie (Scmidt, 2015; Weguelin, 2019).

Schmidt (Scmidt, 2015) skryf: *“When investigating the origin of the traditional date of Christmas, December 25, the best place to start is its earliest historical reference. Almost all scholars find this reference in 336 CE from an entry in the Depositio Martirum of the Chronography of 354. It reads: VIII kal. Ian. natus Christus in Betleem Iudeae, ‘December 25, Christ is born in Bethlehem of Judea.’”*

Schmidt maak egter ’n baie sterk saak dat daar selfs vroeër as 336 n.C. al geglo is dat die 25ste die geboortedag van onse Here Jesus Christus is. Schmidt dui daarop dat daar so vroeg as 221 n.C. al geglo is dat ons Here Jesus Christus se geboortedag 25 Desember was en dat die wat Maart as datum van geboorte gekies het, dit gedoen het as gevolg van ’n fout in die vertaling. Hierdie datum is deur Schmidt bepaal deur die

---

1.) [1] Indien dit waar is, is dit die oudste en mees betroubaarste bewys dat Ons Here Jesus Christus gebore is op 25 Desember. Irenaeus was ’n student van Polikarpus wat op sy beurt ’n dissipel van die Apostel Johannes was en ’n verbintenis met Maria, die moeder van onse Here Jesus gehad het (Johannes 19:26-27). Die skrywer kon egter nie daarin slaag om hierdie aanname suksesvol te kontroleer nie.

2.) [2] Die skrywer is van mening dat ons daarop moet let dat die datum van konsepsie en nie die geboortedatum hier genoem word nie. Nêrens word 25 Desember pertinent genoem nie en met die skuif van die kalenders kan ons 10-20 dae uitstel (Nemiroff & Bonnell, 2020).

3.) [3] Dit is Schmidt (Calculating December 25 as the Birth of Jesus in Hippolytus’ Canon and Chronicon., 2015) wat ’n baie belangrike bydrae lewer deur tekskrities te kyk na die omstrede bedoeling van die woordkeuse van Hipolytus en ander tydsgenote rakende [γένεσις]. Teenstanders beweer dat die woord eerder dui op geboorte en nie op konsepsie nie. Schmidt het daarin geslaag om te bewys dat die waarskynlikste is dat die woord [γένεσις] konsepsie beteken wat dan die noodwendige gevolg het dat 9 maande na konsepsie, 25 Desember, Jesus se geboorte was. Ten minste plaas dit die geboorte in Desember.

berekeninge wat Schmidt gedoen het op grond van die berekeninge wat deur Hippolytus gedoen is in beide die Chronicon en Canon deur Hippolytus se pen.[4] Die feit dat Hippolytus die Romeinse kalender gebruik het, versterk hierdie hipotese nog meer!

Heidense of Bybelse oorsprong?'n Verdere vroeë geskrif wat 25 Desember en ons Here Jesus Christus se geboorte aan mekaar verbind, is 'n 4de-eeuse kalender van martelare. Ons Here Jesus Christus word as die eerste martelaar aangeteken met sy geboortedatum as 25 Desember (McGowan, History News Network, 2009). Volgens prof. McGowan het ons geen *"evidence of Christians adopting pagan festivals in the third century, at which point dates for Christmas were established. Thus, it seems unlikely that the date was simply selected to correspond with pagan solar festivals."*

Die beskikbare inligting blyk oorwegend te wees dat die onderhou van 25 Desember as 'n fees al voor Konstantyn se bekering reeds gebruik was. Dit impliseer dus dat die beskuldiging van anti-kersdaghouers aangaande die viering van 25 Desember as Kersdag en dat dit net deur Konstantyn en die Roomse kerk by die heidense feesdag geleen is, eenvoudig nie water dra nie en ongegrond is. Prof. McGowan merk verder op dat die brandpunt in die denke van die heersers in die kerk eerder was om die viering van die geboorte van onse Jesus Christus op 6 Januarie teenoor die viering daarvan op 25 Desember. Hierdie brandpunt word verder bemoeilik deur die oorgang van verskillende kalender sisteme en 'n standaard kalender wat nog nie algemeen aanvaar is nie (Leung, 2023).

## Vervolging van die Christene en die dag van die 25ste

Dit is die Donatiste wat die trotse titel dra van een van die oudste groep gelowiges, waarvan ons van weet, wat die Here Jesus Christus se geboorte kollektief op hierdie dag gevier het. Hulle het reeds in 312 n.C. Kersdag gevier (McGowan, Biblical Archeology, 2024)�.

Maar wie was die Donatiste? Die Donatiste het vir die eerste keer bekend geraak tydens die tyd van die vervolging van Christene onder keiser Diocletianus in 312 nC. (McGowan, Biblical Archeology, 2024). Die Donatiste het weggebreek van die Roomse Kerk en is deur die kerk self vervolg. Hulle het 'n ou Noord-Afrika Christelike tradisie uitgeleef. Uit die Christelike tradisies blyk dit dus dat groepe Christene die geboorte van Jesus reeds teen ongeveer 300 jaar nadat Hy gebore is, gevier het (Tonder, 2022; Ray, 2024; Chadwick, 2024). Dit is eers bykans 150 jaar later wat daar vir die eerste keer in

[4] "In Section 3, I attempted to determine when Hippolytus thought the world was created by comparing calculations in his Chronicon and Canon. This revealed that he believed that the first Passover on the first year of the world occurred on Thursday, March 29. Given evidence provided by de Pascha Computus Hippolytus would have therefore believed that the world was created five days earlier on March 25, meaning that, in Hippolytus' mind, Jesus would have been born nine months from the anniversary of creation, or December 25." (Scmidt, 2015, p. 561)

een skrywe na die viering van onse Here Jesus Christus se geboorte en die Sol Invictus verwys word.

Nie net is die Donatiste vervolg nie maar dit word algemeen aanvaar dat die eerste Christene dwarsoor die hele Europa en bekende wêreld (Uggerud, 2023; Bray, 2023; Litfin, 2014) bereid was om te sterf vir hulle geloof in onse Here Jesus Christus. Horsley (2008, p. 3) verduidelik dat die vroeë Christene  die Bybel as gesaghebbend geag het en dus gesag dra oor al die sfere van die samelewing, wat tot gevolg gehad het dat hulle lewens- en wêreldbeskouing anders was as die volkere om hulle. Hierdie veranderde lewens- en wêreldbeskouing het gemaak dat hulle 'n andersheid gehad het in die poging om God te dien, soveel so dat dit selfs tot hulle dood gelei het. Die andersheid van die vroeë Christene was sigbaar en só merkwaardig dat hulle as *"die mense van die Weg"* bekend gestaan het (Bockmuehl, 1996, pp. 10-11; Mack, 1999).Dit is eers in die 12de eeu wat ons die eerste voorstel vind dat Jesus se geboorte viering doelbewus tydens heidense feeste ingestel is (Winger, 2015). 'n Rand aantekening oor 'n manuskrip van die geskrifte van die Siriese Bybel kommentator, Dionysius bar-Salibi, meld dat die Kersvakansie in antieke tye eintlik van 6 Januarie na 25 Desember verskuif is sodat dit op dieselfde datum as die heidense Sol Invictus-vakansie geval het (Winger, 2015).

## Is dit sonde om Kersfees te vier? Staan ons onder 'n vloek?

Teëstanders van die viering van Kersfees op 25 Desember gaan soms so vêr om te sê dat ons onder 'n vloek verkeer wanneer ons deelneem aan Kersdag vieringe (Gildenhuys, 2019). Maar dis onse Here Jesus Christus self wat die Chanukah saam met sy dissipels gevier het (Winger, 2015; Hershey, 2020). Ons Here Jesus se optrede by die deelnemende betrokkenheid by die fees is vir ons 'n aanduiding dat ons met vrymoedigheid feeste mag hou om God te eer, al het God dit nie pertinent beveel nie.

### Die "vloek" oor die viering van Kersfees

Gildenhuys beweer dat mense onder 'n vloek staan as hulle Kersfees vier. Hierteenoor staan die evangeliese waarheid van genade en vryheid wat daar vir die kinders van die Here is in onse Here Jesus Christus  (Sproul, 2022).

*Geen vloek vir gelowiges in Christus:*

Galasiërs 3:13 sê: *"Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word."*

*Gelowiges is nie meer onder enige vloek nie, want Christus het reeds die vloek van sonde en die wet gedra. Die idee dat die viering van Kersfees iemand onder 'n vloek plaas, weerspreek die evangelie. Geen veroordeling vir Christene:*

Romeine 8:1 bevestig: "*Daar is dan nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.*"

As iemand Kersfees vier om Christus se geboorte te herdenk, kan hulle nie veroordeel word nie, solank hulle gewete rein is en hul bedoelings op God gerig is en hul geen wet van God of iets wat God verbied oortree nie. (Romeine 14:5-6)[5].

## Is dit verkeerd om Kersfees te vier?

Alhoewel daar nêrens in die Bybel eksplisiet beveel word om die geboortedag van onse Here Jesus Christus te vier nie, was die geboorte van ons Here Jesus Christus 'n groot dag in die geskiedenis van die mensdom. God het mens geword. Hy het onder ons kom woon. Hy is ons Emanuel. Die wyse manne, die engele en die herders het die grootsheid van die gebeurtenis aangekondig. Om 'n dag af te sonder waar mens eer aan God bring, omdat Hy, soos die profete voorspel het, uit liefde teenoor sy kinders sy Seun gestuur het om mens te kom word, is nie 'n terugkyk na 'n babatjie nie maar 'n opkyk in geloof en dankbaarheid na 'n grote God wat weer kom (Keller, p. 28). As Kersdag groot was vir gelowiges oor die eeue, kan dit maar vir ons ook groot wees (Winger, 2015).

## Die vraag oor spesiale dae

Gildenhuys (Gildenhuys, 2019) en andere mag dalk argumenteer dat daar geen Bybelse opdrag is om Kersfees te vier nie en daarom mag ons dit nie vier nie. Gildenhuys is reg oor die feit dat God nêrens in die Skrifte beveel dat Kersdag gevier moet word nie. Soveel te meer is daar nêrens 'n opdrag in die Woord te vind dat ons Kersdag op 25 Desember moet herdenk nie, maar wat leer die Bybel ons oor ons Christelike vryheid? Is daar Bybelverse wat ons die voorreg gun om Kersfees te vier?

Vryheid oor spesiale dae: Paulus skryf in Romeine 14:5-6:

*"Die een ag die een dag hoër as die ander dag, die ander ag al die dae eenders. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."*

Wanneer ons vra of ons die dag van onse Here Jesus Christus se geboorte mag herdenk is hierdie vers van toepassing. Christene is vry om spesiale dae te vier, solank dit tot eer van die Here is. Kersfees word nie as 'n wetlike vereiste beskou nie, maar kan as 'n opsionele manier om Christus te verheerlik gesien word. Alhoewel die konteks hier gaan oor Sondag aanbidding en gebruike rondom die Sabbat, gee dit vir die Christen riglyne

---

[5] 5Die een beskou een dag belangriker as die ander; vir 'n ander weer is alle dae eenders. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle van sy standpunt oortuig wees. 6Die een wat 'n bepaalde dag uitsonder, sonder dit vir die Here uit. En die een wat eet, doen dit tot eer van die Here, want hy dank God daarvoor; ook die een wat nie eet nie, doen dit tot eer van die Here, en hy dank God daarvoor. (Bybel 2020 Vertaling)

oor ander feesdae tot eer van God. 16 Desember, wat ons as Afrikaners as Geloftedag herdenk, kan onder hierdie kategorie val.

*Die regte fokus is Christus:*

Kolossense 2:16-17 sê:

*"Laat niemand julle oordeel oor wat julle eet of drink of met betrekking tot 'n feesdag of nuwemaansfees of Sabbat nie. Hierdie dinge is 'n skaduwee van die toekomstige dinge, maar die liggaam behoort aan Christus."*

Maak maar die lekker lamsboud gaar, slag maar die waatlemoen, bring die kerskoek! Trek die Bybel en die Gesangeboek nader! Verheerlik God as familie soos ons dit oor geslagte gedoen het.

## Is daar enige Bybelse fees wat die Kersvieringe vooruitskadu?

Liggies, feesvier saam met familie, vriende en die gemeenskap, veral die plaaslike geloofsgemeenskap, is waaraan die meeste Christene dink as hulle aan die Kersseisoen dink. Is daar enige fees wat ons in die Bybel vind wat oor die Kersseisoen gevier was wat soortgelyke tradisies het?

Hannukah of Chanuka is die fees wat alle boksies "tick"!

Alhoewel daar geen bewyse is dat ons Kersfees 'n veranderde voortsetting is van die Joodse Chanukah vieringe nie, is dit die skrywer se opinie dat hierdie idee nie te vergesog is nie. Die tyd, die inhoud, die boodskap en die gebruike het betekenisvolle ooreenkomste.

### Die tyd

Deur die Makkabeër opstand slaag die Jode (onder leiding van Judas Makkabees) daarin om Jerusalem te herower van die Siriërs. Op 25 Kislev in die jaar 164 v.C. word die tempel weer gereinig en rein verklaar. Die gevolg is dat die Jode hierdie dag en gebeurtenis herdenk as die Chanukah of die Tempelwydingsfees.

Beide Kersfees en die Chanukah is multi-dag feeste wat afsonderlik oor Desember of in die maand Kislev van die Joodse kalender gevier word. Die Chanukah word oor agt dae gevier (Hughes, pp. 475-476) en Kersfees oor twee, dit is ou-Kersdag en Kersdag. Alhoewel die lengte van die twee feeste nie baie in gemeen het nie, is dit tog opmerkbaar dat die twee datums baie ooreenstem.

Prinsloo (2018) skryf oor die dag van Chanukah vieringe: *"Op watter dag? Die Oosterse ekwivalent van 25 Desember: Op watter dag is die tempel ontwy deur Antiogus? 25 Kislev 167 v.C. Onthou dat die Oosterse jaar kalender van die Westerse jaar kalender verskil. (Die Oosterse berekening van die jaar word met die maan gedoen, terwyl die Weste 'n vaste siklus het volgens die son. Dit neem 'n uitvoerige afsonderlike bespreking*

*om dit te verduidelik.) Chanukah word gevier van 25 Kislev tot 2 Tevet as Kislev 30 dae het, en tot 3 Tevet as Kislev 29 dae het. Dit kan voor, op of na 25 Desember val, omdat die Joodse kalender volgens die maan bereken word."*

## Inhoud

Hierdie merkwaardige fees is gehou om die herstel van die vryheid van Goddelike aanbidding in die tempel te herdenk. Die Chanukah herdenk die hertoewyding van die tweede tempel deur Judas Makkabees (Josephus, p. 328) op 25 Kilev 164v.C. (François Guesnet, 2004, p. 228; Hershey, 2020; Vincent, 1887) nadat dit deur die heidene onder Antiochus Epiphanes ontheilig is. Hierdie belangrike gebeurtenis, wat in 164 v.C. plaasgevind het, word in die apokriewe boek van 1 Makkabeërs 4:52–59 gedokumenteer. v.C. (François Guesnet, 2004, p. 228; Hershey, 2020; Vincent, 1887) nadat dit deur die heidene onder Antiochus Epiphanes ontheilig is. Hierdie belangrike gebeurtenis, wat in 164 v.C. plaasgevind het, word in die apokriewe boek van 1 Makkabeërs 4:52–59 gedokumenteer.

Later bekend as die "Fees van Lampe" of die "Fees van die Ligte", ontleen hierdie fees sy naam aan die gekoesterde tradisie om huise tydens die feestelikhede te verlig (Elwell W. A., pp. 480-481). Die ligte kon van vêr af gesien word deur nagtelike reisigers. Joodse rabbi's vertel van die wortels van hierdie kragtige tradisie – toe Judas Makkabees en sy volgelinge die heidene uit die tempel verdryf het, het hulle 'n enkele bottel heilige olie gevind wat die ontheiliging wonderbaarlik oorleef het. Alhoewel hierdie klein hoeveelheid al was wat hulle gehad het om die heilige lampe aan te steek, het dit verwagtinge oortref deur 'n volle agt dae te hou. Hierdie wonderwerk het die grondslag vir die duur van die fees geword, wat die blywende krag van geloof en veerkragtigheid beklemtoon het (Freeman, p. 520).

Die Chanukah is 'n kleurvolle fees tiperend deur kerse wat brand, geestelike liedere wat gesing word, dele van die Joodse Bybel wat gelees word, 'n feesmaal gehou met familie en vriende en die verhaal van die Judas Makkabees, die tempelwyding en die heilige olie wat aan die kinders vertel word. (Spence-Jones, 1909; Elwell W. A.).

Kerstyd is ook 'n fees van ligte wat brand, liedere wat gesing word, huisgodsdiens wat gehou word, feesmaal wat gevier word en Kers verhale wat vertel word... Dit vat nie baie verbeelding om die ooreenkomste tussen die twee feeste raak te sien nie. Daarteenoor staan die Sol Invictus en die Saturnalia (wat nie dieselfde feeste is nie) in skrille kontras. Hierdie feeste bestaan uit orgies, sangers wat naak rondloop, offerandes, rolle van slawe en meesters wat omgeruil word, slawe wat bedien word om later weer gestraf te word (Beard, 1998; MacMullen, 1981; Winger, 2015).

Chanukah, die Fees van Lig, herdenk die herwyding van die Tempel en die wonder van die olie wat agt dae lank gebrand het (1 Makkabeërs 4). Jesus word in Johannes 8:12 beskryf as die "Lig van die Wêreld." Dit kan 'n simboliese verband wees.

Prinsloo (2018) skryf oor die ooreenkomste tussen Kersfees en die Chanukah: *"'n Kenmerk van die fees, voor Christus se tyd al, is die vrolike atmosfeer (1 Makkabees 4:56-59) en die geskenke wat die Jode aan mekaar gegee het. Die fees word begin deur eers een kers na sononder aan te steek in die gesin. Elke verdere aand word kumulatief nog 'n volgende kers aangesteek totdat daar met die agtste aand agt kerse brand. Ook lampe is voor die huise aangesteek. In die tempel word die Hallel gesing (Psalm 113-118) wat ook tydens Paasfees deur alle tye gedoen word. Hierdie Chanukahfees wat op 25 Kislev (Desember) gevier is, dien as agtergrond van Johannes 10:22, Johannes 8:12, en Psalm 30. Onnodig om te sê dat kinders, reg van die begin af, hierdie fees die meeste geniet het. Die fees was so gewild dat geskiedskrywers beskryf hoedat dit in die aand gelyk het of Jerusalem aan die brand was. Soos wat die mense op pad aangestap het na Jerusalem met hulle brandende lampies, is die hele omgewing in een sprokiesland omskep. Geskenke is vir die kinders versteek in die huise en op 'n gegewe tyd moes hulle daarna begin soek. Onthou, ons praat van die fees in die Ou Testamentiese tyd en kan aanvaar dat die kind Jesus ook hierdie fees gevier het."*

## Boodskap

In die Nuwe Testament word die woord ἐγκαίνια gebruik, wat in Johannes 10 vir die Tempelwydingsfees, of Chanukah, gebruik is wat hernuwing, vars of 'n nuwe begin beteken. (Vincent, pp. 195-196) Dis asof die Israeliete 'n vars begin op ou fondamente ontvang het.

Beide die Chanukah en Kersfees word oor Desember gevier, maar die tyd van die feesvieringe hou minder belowende betowering in as die gedeelde diepgaande boodskap. Chanukah word deur baie gesien as die Joodse Kersfees (Mark, 2000). Waar die Jood die fisiese herwyding van die Tempel vier, vier die Christen oor die Kersseisoen die geestelike vernuwing en vervulling van die Tempel. Dit is ten diepste onse Here Jesus Christus. Albei gedenk die herwyding van die tempel.

### *Hoekom is ons Here Jesus die vervulling van die tempel?*

Ons Here Jesus Christus sê dit van Homself.

Onse Here Jesus Christus sê hy is die ware tempel in Johannes 2:

"[19]*Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig.*
[20]*En die Jode sê: Ses-en-veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou, en U, sal U dit in drie dae oprig?* [21]*Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek.*[6]"

[6] *Die Bybel: Ou Vertaling* (electronic edition of the 2nd edition., Jn 2:19–21). (1996). Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Jesus sê in Johannes 4 Hy is die een wat lewende water gee, en hy is die plek van ware aanbidding:

*“[13]Jesus antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; [14]maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word ’n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.[7]”*

Die apostel Johannes getuig duidelik daarvan in Openbaring 21-22 dat waaroor Esegiël geprofeteer het in Esegiël 47 rakende die beloofde water van die lewe, nie gaan oor water wat in die toekoms uit een of ander fisiese tempel struktuur kom nie, maar van God self en onse Here Jesus Christus spruit. (Hawkins, 2019).

Die Christusfees is dus as’t ware ’n tipe Tempelwydingsfees.

## Hoe hou die Chanukah fees verband met die geboorte van Jesus?

Wanneer ons bietjie dieper krap sien ons die moontlike verband tussen Chanukah en die geboorte van onse Here Jesus Christus op die simboliek van lig en die tema van die herstel van die tempel lê:

**Leidrade in Johannes 10:22-34**: Jesus vier Chanukah in Jerusalem en maak ’n verklaring oor sy goddelike identiteit. Dit kan ’n voorafskaduwing wees van sy rol as vervulling van die tempel se doel.

Om aan Jesus te behoort en in Jesus te glo, hou direk verband met die feit dat die Vader van onse Here Jesus Christus gegee is (10:29). Jesus het sy “eenheid” met die Vader duidelik gestel (10:30). Die sekuriteit en vertroosting vir sy skape lê in die wesenlike skakel, die eenheid tussen Jesus en die Vader. Onse Here Jesus Christus het steeds probeer om die mense te help, selfs toe hulle op die punt was om Hom te stenig. Onse Here Jesus Christus het die brug probeer bou tussen die tekens wat Hy gedoen het en die dissipels en ander volgelinge se verstaan oor betekenis van hierdie tekens (10:37–38). In 10:34 haal onse Here Jesus Christus Psalm 82:6 aan om sy aanspraak op sy goddelikheid te ondersteun (Hughes, pp. 475-476).

[7] *Die Bybel: Ou Vertaling* (electronic edition of the 2nd edition., Jn 4:13–14). (1996). Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

2 Tim 2:15

*Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.*

Johannes 10:

[22]*In daardie tyd het die Fees van die Tempelwyding in Jerusalem plaasgevind. Dit was winter,* [23]*en Jesus het op die tempel terrein rondbeweeg, in die Pilaargang van Salomo.* [24]*Die Jode het toe om Hom saamgedrom en vir Hom gesê: "Hoe lank gaan u ons nog in onsekerheid hou? As u die Christus is, sê dit openlik vir ons."* [25]*Jesus het hulle geantwoord: "Ek het dit vir julle gesê, maar julle glo nie.*

## Is daar enige rede waarom dit nie op 25 Desember kon gebeur het nie?

Die enigste noemenswaardige kritiek teen die geboorte van ons Here Jesus Christus op 25 Desember is die opmerking dat dit onwaarskynlik was dat ons Here Jesus Christus op daardie dag gebore is, want dit was winter en die herders was in die veld met die skape. Dit sou te koud gewees vir die herders om die skape in die veld te hou.

...Of was dit?

### Waarom was die herders en skape in die veld in die winter?

*Klimaat:*

In die Bybel (Lukas 2:8) word gesê dat herders hulle skape in die veld opgepas het tydens die nag toe Jesus gebore is. Hier is moontlike verklarings:

#### Klimaatstoestande in Judea is anders as in die kouer dele van die wêreld:

Winters in Judea is nie so koud soos in Noord-Europa en ander dele in die Noorde waar die klimaatstoestande dit onmoontlik maak om te oorwinter in die veld nie. Selfs in die kouer maande kon skape buite wees, veral as dit nie gevries het nie. Die veld sou ook gebruik word vir winterweiding (Magen, 1994). Die klimaat in Judea is soortgelyk aan die van Kalifornië. Weather-Atlas (2004) beskryf dit so: "*Here is the average temperature for Bethlehem: The first month of the winter, December, is still a mild month in Bethlehem, West Bank, with temperature in the range of an average low of 7°C (44.6°F) and an average high of 14°C (57.2°F). In December, the average high-temperature drops, from a pleasant 20°C (68°F) in November, to a mild 14°C (57.2°F).*" (Weather-Atlas, 2004)

### Die leefstyl van herders het dit toegelaat:

Herders in daardie tyd het gereeld hulle skape in oop veld opgepas, ongeag die seisoen. Jakob vertel van die koue nagte in Genesis 31:40 "Ek was 'n man wat bedags deur die hitte verteer is en snags deur die koue, en my slaap het gevlug van my oë.[8]"

Hulle moes die skape beskerm teen roofdiere en diewe, en dit was makliker om by die trop te bly (Jeremias, 1969). Jakob (Genesis 31:38) en Dawid (1 Samuel 17) getuig dat hulle saam met die kuddes moes leef en selfs skade gelei het as gevolg van roofdiere. Dit was dus deel van leefstyl van die herders om winter en somer by hul skape in die veld te wees. Epstein (Epstein, 1982) beskryf dit so: *"Bedouin and fellahin shepherds know nothing of tent or house but live entirely in the open together with the flocks under their care. They are working 365 days a year, from 13 to 16 hours a day. Their work includes shepherding, watching at night... In Iraq, the principal lambing season of Awassi ewes is in November, and in Lebanon, the Syrian Arab Republic and Israel in December-January..."*

### Die simboliese waarde van die herders in die veld kan nie onderskat word nie:

Die vermeldings van herders kan 'n simboliese verwysing wees na hulle nederige rol, wat Christus se identifikasie met die eenvoudige mense en sy rol as die "Goeie Herder" (Johannes 10:11) versterk.

### *Die tipe skaap:*

Die skrywer het in die koue Griekwaland-Wes groot geraak en daar het die naald gereeld in die winter in die minusse gedraai. Die skaap van keuse in daardie wêreld is die geharde swartkop dorper of ander rasse wat aangepas is vir dié klimaat en veld. Hierdie gebruik om diere wat vir die veld en klimaat aangepas te gebruik, is nie uniek aan Suid-Afrika nie maar is 'n wêreldwye verskynsel.

H. Epstein, emeritusprofessor in Diere genetika by die Hebreeuse Universiteit van Jerusalem, skryf dat die gewilde en algemeen aanvaarde skaap in Israel die Awassi-ras is. Die Awassi-ras is aangepas en geteel vir die weersomstandighede in Betlehem en omliggende areas. Epstein beskryf dat die Awassi-ras in die veld gelos kan word, selfs in die winter met die uitsondering van buitengewone koue areas soos die sneeubedekte bergtoppe (Epstein, 1982).

## Gevolgtrekking

Dit is baie duidelik dat winters toestande nie as bewys gebruik kan word dat onse Here Jesus Christus nie op 25 Desember gebore kon word nie. Die weer kón dit toelaat, die

---

[8] *Die Bybel: Ou Vertaling* (electronic edition of the 2nd edition., Ge 31:40). (1996). Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

herders en skape kón in die veld wees en die engele kón hul lied sing en die blye tyding aankondig!

# In verdediging van die Kersboom

## Simboliese betekenis van bome in die Bybel

Jy hoef nie vêr in die Woord van die Here te lees om waar te neem dat daar 'n diepgaande skat met ryke simboliek binne woordjie "boom" verskuil is nie. Ons lees van die lewensboom in Genesis 2:9 en Openbaring 22:2. Ons lees van die olyfboom in Romeine 11 en Galasiërs 4. Ons lees in die Psalms van regverdiges wat soos sterk en gesonde bome is (1 en 92). Wysheid word as 'n boom beskryf en in die eerste en die laaste hoofstukke van die Bybel is 'n boom pertinent teenwoordig. Daar word, buiten die mens, meer oor bome geskryf in die Bybel as enige ander lewende voorwerp.

'n Dooie boom in die vorm van die kruis is die vloekhout waaraan die Messias van die Bybel hang. Dit was ook die voorwerp wat ons Here Jesus Christus as kind in sy hande gehou het toe Hy saam met sy skrynwerker vader gearbei het.

Kan ons waag om krities te staan teenoor 'n Christen wat die boom gebruik in sy huis om die Evangelieboodskap aan sy nageslag oor te dra?

## Fundamentele verskille tussen Kersboom en die heilige bome van voor-Christelike Europese kulture

Teenstaanders en ondersteuners van die Kersboom in die huis, sal bes moontlik saamstem met die ryke betekenis van die boom in die Woord. Maar die tema van geskil lê in die oorsprong van die Kersboom en die rituele wat gepaard gaan met die viering van Kersfees.

### Is die oorsprong van die Kersboom heidens?

Die basis van my argument oor die Kersboom is die volgende: Die Kersboom het sy oorsprong in spesifieke Christelike simboliek en tradisies, wat fundamenteel verskil van die rituele en praktyke rondom heilige bome in voor-Christelike Europese kulture. Die Kersboom se gewildheid is aan Martin Luther en andere te danke en was oor die jare 'n kragtige evangelisasie middel.

#### *Die oorsprong van die Kersboom is in die Christendom*

1. **Historiese ontwikkeling:** Die moderne gebruik van die Kersboom kom vanuit die Middeleeuse Christendom en Lutherse praktyke, wat nie in direkte kontinuïteit met heidense rituele staan nie. Van 1536 tot die middel 1800's was die Kersboom 'n Duitse Christen-gebruik. Dit is Prins Albert wat van Duitse afkoms af was en deel was van Britse adelstand wat die idee van die Kersboom, onopsetlik, aan die res van Europa versprei het. Elke jaar het hulle toegelaat dat tydskrifte sketse van hul as gesin teken wat toevallig langs die Kersboom was. Só het die

Duitse tradisie van die Kersboom gewildheid verwerf (Foussianes, 2018; Barnes, 2006; Winger, 2015).

2. **Martin Luther en die Kersboom:** Volgens tradisie was Martin Luther die eerste persoon wat 'n Kersboom met kersligte versier het om die sterrehemel bo die Betlehem-toneel uit te beeld (Worel, 2022; Winger, 2015). 'n Meer akkurate stelling sal wees dat Martin Luther nie die eerste persoon was wat 'n Kersboom gehad het nie maar dit is moontlik dat hy die eerste persoon was wat die Kersboom in sy huis gehad het en kerse op die boom geplaas het. Onder "Christelike kuns tradisie" hieronder word hierdie punt verder bespreek.

3. **Simboliek van die lewensboom:** Die Kersboom is dikwels gesien as 'n simbool van die lewensboom in Genesis 2:9 en Openbaring 22:2, wat die ewige lewe en Christus se reddingswerk verteenwoordig.

4. **Christelike kuns tradisie:** Sedert die Middeleeue het "paradys bome" 'n belangrike rol gespeel in kerklike dramas. Hierdie toneelstukke was gebruik om aan die mensdom die Evangelieboodskap te versprei. Ons moet onthou dat die meeste mense nog in hierdie tyd nie toegang gehad het tot leesstof nie en self nie kon lees nie. Die verhaal van die sondeval en die beloofde verlossing was uitgebeeld en deur die visuele kunste kon die man op straat en op die markplein bereik word (Miles, 1912). Hierdie bome het uiteindelik gelei tot die ontwikkeling van die Kersboom (Forbes, 2007). Die heel eerste Kersbome het in die Middeleeue in Duitsland ontstaan, toe rondreisende klerisie en troebadoere Bybelverhale en moraliteit spele in kerke en op dorpspleine uitgevoer het (Bowler, 2012).

   Een van die gewildste toneelstukke het die verhaal van Eden gekombineer met die Messiaanse belofte van verlossing. Hierdie dramas is dikwels opgevoer op 24 Desember, die Fees van Adam en Eva. Die middelpunt van die toneelstuk was die paradys boom – 'n denneboom met appels versier (Miles, 1912; Forbes, 2007).

   Kinders was so opgewonde oor hierdie tradisie dat ouers aangespoor is om 'n soortgelyke boom in hul huise te plaas. Versier met vrugte en gebak, het die paradys boom vinnig 'n geliefde gesin tradisie geword en 'n integrale deel van die Kersfeesviering.

### *Daar is 'n onoorkombare kloof tussen die Christelike Kersboom en die heidense boomverering*

1. **Geen direkte oorgang nie:** Hoewel sommige Christelike praktyke (soos fees datums) elemente van voor-Christelike kulturele gebruike kon oorneem, is daar geen bewyse dat die Kersboom direk van heidense boomverering nie afgelei is nie. Hoekom sal vervolgde Christene sterk staan en bereid wees om te sterf en

ongemak op alle ander leerstellinge te verduur, behalwe rondom Kersfees en die Kersboom? Dit maak nie sin dat 'n Christen bereid is om te sterf vir die feit dat God Drie-Enig die enigste God is om te aanbid en terselfdertyd 'n "afgod" in die vorm van 'n boom in hulle huis bring nie.

2. **Verskille in betekenis:** Heidense boomverering kultusse het bome gesien as gode, setels van geeste, of portale na die bonatuurlike. In teenstelling hiermee is die Kersboom simbolies van Christus se lig en lewe, die boom self dien nie as 'n goddelike entiteit nie.
3. **Tekstuele oorsprong van simboliek:** Geen literatuur uit die vroeë Christendom verbind die Kersboom met heidense boomverering nie. Die vroegste verwysings na versierde bome dateer uit die 16de-eeuse Duitsland, lank na die einde van georganiseerde heidense rituele in Europa (Brunner, 2012).

## Gevolgtrekking

Die Kersboom soos in die Christen-tradisie gevind, het geen historiese, okkultiese, geestelike, teologiese of enige dergelike verband met voor-Christelike boomverering nie. Die Kersboom het 'n unieke en afsonderlike ontwikkeling gehad los van voor-Christelike boomverering. Daar is 'n onoorkombare kloof gegrond op fundamentele verskille tussen die spirituele betekenis van bome vir die Christen en die rituele vanuit die heidense praktyke. Daar is geen bronne, hetsy primêr of sekondêr wat die twee wêrelde met mekaar verbind nie.

## Bylaag oor die Kersboom: Verbied Jeremia 10 die Kersboom?

Die Bybel verbied ook nêrens die gebruik van Kersbome nie. Jeremia 10 word aangehaal as 'n teks wat dit verbied, (Gildenhuys, 2019) maar praat Jeremia 10 van 'n Kersboom?

*2So sê die Here: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie.*

Hierdie teks leer ons moet nie doen wat die heidene doen en skrik vir mensgemaakte goed asof dit krag het nie…

*3Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl. 4Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie.*

Kersbome het nie ambagsmanne nodig nie. Kersbome word ook nie met goud en silwer oorgetrek nie.

*5Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommer tuin is hulle: hulle kan nie praat nie; ja, hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Wees nie bevrees vir hulle nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, maar daar is ook geen goeddoen by hulle nie.*

Kersbome het nie monde wat stom is of voete wat nie kan loop nie…

*[8]Maar almal saam word hulle dom en dwaas, die tugtiging van die nietige afgode—dit is hout. [9]Silwer wat plat geslaan is, word uit Tarsis gebring en goud uit Ufas, die werk van die ambagsman en van die hande van die goudsmid; pers en purperrooi is hulle klere; 'n werk van kunstenaars is hulle almal.*

Ons aanbid nie die boom nie. Ons het nie goudsmid en 'n ambagsman wat afgodsbeelde maak uit ons bome nie. Ons trek nie vir ons bome klere aan nie want dit lyk nie soos figure wat uit hout gekap is nie. Dit is duidelik dat hier verwys word na afgodsbeelde.

*[10]Maar die Here is waarlik God, Hy is die lewende God en 'n ewige Koning; vir sy toorn beef die aarde, en die nasies kan sy grimmigheid nie verdra nie — [11]so moet julle vir hulle sê: Die gode wat die hemel en die aarde nie gemaak het nie, sal vergaan van die aarde af en onder hierdie hemel uit —[12]Hy wat die aarde gemaak het deur sy krag, wat die wêreld gegrond het deur sy wysheid en die hemel uitgespan het deur sy verstand.[13]As Hy sy stem laat hoor, is daar 'n geruis van waters in die hemel; en Hy laat dampe opgaan van die einde van die aarde; Hy maak bliksems vir die reën en laat wind uitgaan uit sy voorraadskure.*

Teenoor die afgode staan die ware God. God wat leef en mag het. God wat oor die natuur is en nie van die natuur is soos die afgodsbeelde wat met hande gemaak word nie. Dit is duidelik dat Jeremia 10 nie praat oor Kersbome nie maar oor afgode. Ons moet hul nie vrees, aanbid of maak nie. God is anders as die afgode en by Hom alleen is ware krag en glorie te siene!

# In verdediging van die Kersvader

## Die Historiese Nikolaas: Grondslag van Kersvader

Nikolaas was gebore in 'n kusdorpie met die naam Patara in 'n welvarende Griekse familie. Albei sy ouers is oorlede toe hy relatief jonk was en hy het hulle rykdom geërf. Nikolaas het nie geskroom om sy rykdom uit te deel aan die wat hy dink dit regtig nodig het nie. Hy was volgens oorlewering 'n baie ernstige gelowige en sy naam pryk op die presensielys van die baie bekende sinode van Nicea waar die geloofsbelydenis van Nicea opgestel is.

Nikolaas was 'n 4de-eeuse biskop van Myra (in die huidige Turkye). Nikolaas se vrygewigheid het hom bekendheid verwerf, sy beskerming van kinders, en sy toewyding aan die Christelike geloof was ook bewonder. Hy het nie net behoeftiges gehelp nie, maar hy was ook 'n sterk leiersfiguur in die vroeë kerk.

Een van die bekendste stories oor Nikolaas vertel hoe hy sakke goud aan 'n arm man se dogters geskenk het om hulle van 'n lewe van slawerny te red. Hierdie daad en ander soortgelyke onbaatsugtige optredes lê die grondslag vir die tradisie van geskenke gee, wat later aan Kersvader toegeskryf is.

Teen die Middeleeue het die gebruik om Nikolaas na te boots oor groot dele van Europa versprei. Sy feesdag, op 6 Desember, is gevier as 'n dag van vrygewigheid, veral aan kinders. Hierdie tradisie het soos 'n veldbrand versprei in lande soos Nederland, waar Nikolaas bekend was as Sinterklaas. Met die Reformasie en as gevolg van ander invloede het die Kersvader deel geword van die Kersdag vieringe.

## Die hedendaagse Kersvader is nie die ware Jakob nie!

Dit is Coca-Cola wat die oorgewig Kersvader aan ons verkoop het. Nikolaas was eintlik 'n baie gedissiplineerde man gewees wat volgens die vroegste skildery eintlik maer en versorg voorgekom het. Dit is egter ongelukkig nie al wat oor tyd van Kersvader verander het nie. Kersvader het die vermoë gekry om alomteenwoordig te wees. Hy kan besluit wie is stout en soet. Martin Luther self het gevra dat weggedoen moet word met Kersvader en die fokus moet terugkom na die Christuskind (Christ Kindl). Of jy kies om die ware storie van Kersvader te vertel en of jy die mitologiese figuur wil voorstel, is jou keuse. Ek wil tog net maan om versigtig te wees en biddend te besluit oor wat jy vir jou jong verbondskind gaan leer oor Kersvader. Die oorspronklike Kersvader het soveel om te bied, hy kan dien as voorbeeld van Christene se vrygewigheid, 'n lewe uit dankbaarheid en om God en sy kinders meer lief te hê as aardse skatte en geluk. Die rede vir sy vrygewigheid lê in die wete dat onse Here Jesus Christus hom gered het. Is dit nie ook ons rede vir Kersfees nie. God, ons Immanuel het deel kom word van ons lewens en daarom het ons hoop!

# Verwysings


Barnes, A. (2006, December 12). The first Christmas tree. *History Today Magazine*.

Beard, M. N. (1998). *Religions of Rome: A History.* Cambridge: Cambridge University Press.

Bockmuehl, M. N. (1996). *This Jesus. Martyr Lord, Messiah.* Oxford: Intervarsity Press.

Bowler, G. (2012). *The Christmas Tree: A History.* London: British Library Publishing.

Bray, G. (2023, June 16). *DesiringGod*. Herwin van desiringGod.org: https://www.desiringgod.org/articles/the-seeds-none-could-afford

Brunner, B. (2012). *Inventing the Christmas Tree.* New Haven: Yale University Press.

Chadwick, H. (2024, November 25). *'Donatism', The Church in Ancient Society: From Galilee to Gregory the Great.* Herwin van Oxford Academic: https://doi.org/10.1093/0199246955.003.0042

Elga, A. (2007). Reflection and Disagreement. *Nous*, 478-502.

Elwell, W. A. (2001). *Tyndale Bible dictionary.* Wheaton. Illinois: Tyndale House Publishers.

Elwell, W. A. (s.j.). fEAST . In *Baker encyclopedia of the Bible* (ble. 783-789). Baker Book House.

Epstein, H. (1982). Awassi Sheep. *World Animal Review*, 11-27. Herwin van https://www.fao.org/4/p8550e/P8550E01.htm

Forbes, B. (2007). *Christmas: A Candid History.* California: Berkeley: University of California Press.

Foussianes, C. (2018, December 18). How Queen Victoria and Prince Albert Made Christmas Trees a Holiday Staple. *Town & Country*.

François Guesnet, e. a. (2004). *Chanukah and its Function in the Invention of a Jewish-Heroic Tradition in Early Zionism, 1880–1900.* Leiden: Brill.

Freeman, J. M. (1998). *Manners & customs of the Bible.* Gainesville, Florida: Bridge-Logos Publishers.

Gildenhuys, T. (2019, December 23). *https://www.youtube.com/@tiaangildenhuys*. Herwin van Youtube.com: https://www.youtube.com/watch?v=smiC0Qw5lHU

Hawkins, R. (2019, September 30). *Looking at Christ.* Herwin van LookingatChrist.com: https://www.lookingatchrist.com/how-the-promised-temple-truly-is-fulfilled-in-christ/

Hershey, D. (2020, December 10). *firmisrael.org*. Herwin van firm: https://firmisrael.org/learn/hanukkah-why-jesus-celebrated-feast-of-dedication/

Horsley, R. A. (2008). *In the Shadow of the Empire: Reclaiming the Bible as a History of Faithful Resistance.* Westminster: Westminster John Knox Press.

Hughes, R. B. (2001). *Tyndale concise Bible commentary* . Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers. .

Jeremias, J. (1969). *Jerusalem in the Time of Jesus: An Investigation Into Economic and Social Conditions During the New Testament Pe.* London: Fortress Press.

Josephus, F. &. (1987). *The works of Josephus: complete and unabridged.* Peabody, Massachussets: Hendrickson.

Keller, T. (2016). *Hidden Christmas: The Surprising Truth Behind the Birth of Christ.* New York: Viking.

Leung, Z. (2023, May 25). *Reasons.org*. Herwin van Reasons.org: https://reasons.org/explore/blogs/voices/was-jesus-born-on-december-25

Litfin, B. M. (2014). Early Christian Martyr Stories: An Evangelical Introduction with New Translations. In B. M. Litfin, *Early Christian Martyr Stories: An Evangelical Introduction with New Translations.* Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Mack, B. L. (1999). *The lost Gospel Q: The book of Q and Christian origins.* Chicago: Ulysses Press.

MacMullen, R. (1981). *Paganism in the Roman Empire.* . New Haven: Yale University Press.

Magen, Y. &. (1994). The Judean Desert: Environment and History." Biblical Archaeology Review,. *Biblical Archaeology Review*, 24-39.

Mark, R. R. (2000). *Jewish Virtual Library*. Herwin van jewishvirtuallibrary.org: https://www.jewishvirtuallibrary.org/hannukah

McGowan, A. (2009, 12 2). *History News Network.* Herwin van Historynewsnetwork.org: https://www.historynewsnetwork.org/article/andrew-mcgowan-how-december-25-became-christmas

McGowan, A. (2024, July 13). *Biblical Archeology*. Herwin van BibilcalArcheology.com: https://www.biblicalarchaeology.org/daily/biblical-topics/new-testament/how-december-25-became-christmas/

Miles, C. (1912). *Christmas in Ritual and Tradition.* London: T. Fisher Unwin.

Nemiroff, R., & Bonnell, J. (2020, February 29). *Nasa Science*. Herwin van Nasa Science : https://apod.nasa.gov/apod/ap200229.html

Prinsloo, W. (2018, Desember 16). *Lewe Gewer.* Herwin van www.lewegewer.wordpress.com: https://lewegewer.wordpress.com/2018/12/16/waar-kom-kersfees-vandaan-2/

Ray, M. (2024, November 22). *brittanica.com*. Herwin van Brittanica: https://www.britannica.com/topic/Donatists

Scmidt, T. (2015). Calculating December 25 as the Birth of Jesus in Hippolytus' Canon and Chronicon. *Vigiliae Christianae.* , 69.

Spence-Jones, H. (1909). St. John. In R. e. al., *The Pulpit Commentary (Vol. 2)* (bl. 48). London: Funk & Wagnalls Company.

Sproul, R. (2022, November 8). *Ligionier Ministries.* Herwin van https://www.youtube.com/@ligonier: https://www.youtube.com/watch?v=nqHCwcwAdjg

Tonder, N. V. (2022, November 29). *Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika*. Herwin van nhka.org: https://nhka.org/waarom-op-25-desember-kersfees-vier/

Uggerud, K. (2023, June 10). *The Collector*. Herwin van thecollector.com: https://www.thecollector.com/early-christian-martyrs/

Unknown. (2022, December 25). *Glorious Mandate.* Herwin van https://www.youtube.com/@gloriousmandate: https://www.youtube.com/watch?v=2xmpPKFpt5Q

Vincent, M. (1887). *Word Studies in the New Testament.* New York: Charles Scribner's Sons.

Weather-Atlas. (2004, June 4). *Weather-Atlas*. Herwin van Weather-Atlas.com: https://www.weather-atlas.com/en/west-bank/bethlehem-climate

Weguelin, J. R. (2019, December 15). *Debunking the Myth of 'Pagan' Christmas*. Herwin van The Southern Cross - The Catholic Magazine for South Africa: https://www.scross.co.za/2019/12/debunking-the-myth-of-pagan-christmas/

Winger, M. (2015, December 16). *https://www.youtube.com/@MikeWinger*. Herwin van Youtube: https://www.youtube.com/watch?v=ugxJBb0lPXQ&t=0s

Worel, S. (2022, December 4). *Luther's Christmas Tree*. Herwin van Sherry Worel Musings: https://www.sherryworel.com/luthers-christmas-tree/